

Die EVANGELIE volgens Janie, die GENADE soos in Janie
Boodskap met begrafnis van Janie Gous (1986.07.22 – 2003.06.07)
geskryf deur dr Henk Gous, vader, voorgedra deur prof Ig Gous, oom



God se evangelie is nie net in boeke neergeskryf nie.

- Die *evangelie* word geskryf op mense, en gelees in mense.
- God se *genade* word verpak in mense.

Dis waar ons dit die meeste konkreet sien. Dis in 'n méns wat dit die mooiste groei. Dit groei natuurlik skewerig en onvolledig maar dis die bewys van die krag van God se Gees. Daarom wil ons vandag lees uit **die Evangelie volgens Janie**, en die genade soos dit in Janie gegroei het uitstal. Ek wil dié dele waarvan sy 'n demonstrasie was, vandag verkondig.

- 1 Sy is spesiaal gebore. Nie omdat sy pragtig of talentvol was of net maar spesiaal vir ons as ouers was, soos enige baba is nie. Sy is gebore as 'n **verbondskind**. God het vir haar gesê sonder dat sy dit verstaan het, dat sy sý kind was. Sonder dat sy hoef te geprester het, was sy spesiaal en het Hy haar aan Hom vasgebind.
 - Hier op die **skerm** is 'n stukkie borduurwerk wat aan ons huis se mure hang. Dit wys die datum en tyd van haar geboorte, en die datum van haar doop, want daar het God hardop gesê hoe spesiaal sy is. Onthou jou doop, want jy hoef nie Top 20 te wees om in God se hart nr.1 te wees nie. Jy en sy is spesiaal. Sy was vasgebind deur God
- 2 Toe het sy grootgeword en **self gekies** om vas te *hou* aan God. Sy was die een wat kans gesoek het om kerk toe te gaan, en haar maats saamgeneem het lofprysing toe. Haar Bybel is stukkend gelees en dik van herinneringspapiertjies.
 - Op die **skerm** is haar gedig dat God gróót is.
God, you are breathtaking,
You truly are King!
You surprise me in every way
you have the most beautiful things to say.
Still no words can describe how I feel
when I look at You, and know You heal.
- 3 Sy is **briljant** geskape, met meer talente as wat mens in een lewe kon opgebruik. Én nog **dryfkrag en lewenslus** om te dans en te glimlag, tot 6 maande gelede. Dalk is haar evangelie die feit dat sy die lewe as 'n geskenk van God geniet het. Haar ouma Jana, na wie sy vernoem is, het gesê dat sy gulsig vir die lewe was, en 34 jaar se lewe in haar amper 17 ingedruk het. Janie het self vertel dat die enigste keer hierdie jaar wat sy haarself was, was toe sy die toespraak gemaak het waarmee hul span die Beeldtrofee gewen het. Haar afsluitingswoorde in die toespraak was: "Moenie dubbel met jou lewe nie. Die lewe is kosbaar!"

Die fout in haar evangelie was dat sy beangs geword het toe sy nie meer haar lewensdae voluit gebruik het nie toe haar siekte haar gerem het. Sy was beangs asof God daarvoor sou raas. Maar: God se geskenke is gratis, genade.

Maar die grootste evangelie is wanneer 'n briljante slim kind die evangelie as die *eenvoudige* waarheid aanvaar. Ek gaan nou vir u vra om 'n **eenvoudige geloofsbelydenis** saam met my hardop te sê. Dis opgestel om vir gestremde kinders eenvoudig te sê wat geloof is. Kom ons slim mense sê die eenvoudige evangelie hardop op:

'n Eenvoudige Geloofsbelydenis

Ek glo dat die Bybel die Woord van God is

Ek glo dat God, die Vader, alles gemaak het.

Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.

Ek glo dat God my liefhet.

Ek glo dat die Here Jesus vir my sondes aan die kruis gesterf het.

Ek glo dat die Here Jesus opgestaan het uit die graf, en opgevaar het na die hemel.

Ek glo dat Hy eendag weer sal kom om my te kom haal.

Ek glo dat die Heilige Gees gekom het om in my te kom woon.

Ek het die Here Jesus Christus lief.

- 4 God het Janie in sy genade van kleinsaf toegedraai in 'n warm kombersie: 'n *menskombersie*. Ek het self voor in haar Bybel die volgende versie geskryf:

Ps.32¹⁰ ...wie op die Here vertrou, dié omvou Hy met sy liefde.

By al ons foute as *gesin*, het sy in haar laaste brief geskryf dat haar *gesin* vir haar 'n veilige hawe was. Ons was ses mense vol foute en vol liefde, en nou is ons vyf, en dis een te min.

En Janie het *vriende* as warm menskombersies ontvang. Sy was skatryk, en haar plakboeke wat sy in haar laaste week gemaak het, is vol van die briefies, kaartjies en foto's waarmee sy porsies liefde oor baie jare gekry het.

En dis die evangelie van **Gal.6:2 Dra mekaar se laste en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus**

Die een fout in haar evangelie is dat sy een woord verkeerd gelees het: Sy het gelees: "Dra *ander* se laste" ipv dra *mekaar* se laste. Daarom het sy baie mense gehelp en min hulp vir haarself gegun. Dalk was sy te veel privaat en het sy net haar naaste een of twee vertroulinge somtyds toegelaat om te laat sien hoe swaar sy regtig gedra het. Dalk sou Gal.6:2 haar weg van breekpunt gehou het.

- 5 En in haar evangelie het sy ook gelees dat daar staan: "Wees volmaak soos jul Vader in die hemel volmaak is." Hierdie teks was bedoel om ons ideale te gee. Dit was nie bedoel om elke dag te toets of jy geslaag of misluk het nie. **Perfeksionisme** het gemaak dat sy swaar gekry het toe sy nie meer voluit op haar baie hoë standaard kon leef nie.

As sy maar net hoog gebly mik het maar tevrede was om somtyds nie volmaak te wees nie maar in die veiligheidsnet van die genade van die Here te kon val. En kon tevrede wees om hierdie jaar te kon afvat en rustig gesond word.

- 6 Toe het die woord **depressie** deel van haar lewensverhaal geword.

Depressie is iets wat jou lewensvreugde steel.

Dit verwyder jou van mense dat jy ver voel van elkeen wat jy so nodig het.

Dit maak jou magteloos oor jouself want jy kry jouself nie reggeruk nie.

Dit maak jou helpers magteloos want hulle kan net van buite help en die vyand is van binne.

Depressie is 'n siekte *tot die dood*. Dis eintlik makliker om te veg teen 'n liggaamlike siekte. Want as jou liggaam kanker het, dan kan jy dit aanraak en sien waarteen jy veg. Hier veg jy teen 'n *gevoel* wat soos donker water oor jou kop spoel en jy probeer,

maar kan nie bo bly nie.
Lees dit saam met my uit haar
gedig wat sy in haar laaste brief wat
sy vir ons agtergelaat het:

*Darkness captured my emotional
self...*

*I cannot find a cure for my
dysfunctional heart*

*darkness falls upon me like a
shower of pain...*

Haar "dysfunctional heart" was ewe
dodelik gevaarlik as 'n hartaanval
tipe hart. Dis hierdie gedagtes wat
gemaak het dat dood vir haar logies
geword het, die enigste en beste
uitweg vir haar. Al was sy hoe
opreg lief vir ons almal en het sy in
haar laaste minuut nog vir haar ma
geSMS dat sy baie lief is vir haar,
was haar eie dood fyn beplan as
regte einde vir haarself. Al wat haar
liefde vir haar oor laat bekommer
het, is of ons wat agtergebly, dit sal
kan hanteer. Maar ons swaarkry
gaan later verby, hare het oneindig gevoel.

Ek weet dat baie mense wat hier sit, die donker water wat sy beskryf in haar gedig,
self al beleef het. Moenie alleen veg nie! God gee hulp van al sy helpers, dokters,
ons almal, as jy net kan hand uitsteek.

- 7 Depressie het ook 'n **lelike kant**. Ons almal praat saam met Paulus as hy sê:
**Rom 7¹⁹ Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil
doen nie, dit doen ek.**

Janie se evangelie het dit ook beleef. Sy het skielik begin byt en veg en rebelleer. 'n
Week gelede het sy op haar Ma se skoot gesit en huil omdat sy twee mense in haar
het. Die een doen dinge wat lelik is en 'n mens seermaak, en dis só anders as die
ander een, die een wat sy regtig is.

As sy nie saam met Paulus die genade van Rom. 8 geken het nie, dan was sy lankal
vroeër weg. **Rom 8 Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus
Jesus is nie**

- 8 Dan maak depressie **gebed 'n stryd**. Want jou gebed om anders te voel en weer die
vreugde te beleef wat Psalms so aan gelowiges beloof, dit word nie waar nie. Daarom
was Janie ook kwaad vir God: want Hy het nie sy beloftes gehou nie. Hy het belowe
dat hy niemand bo hul kragte sal versoek nie, maar sy is bokant haar kragte versoek.
Maar snaaks genoeg word God, soos die Vader en Moeder wat Hy is, nie kwaad vir 'n
kind wat kwaad is nie. En Hy laat sy kind nooit uit sy hand glip nie.
Ons gesin weet dat sy nie uit God se hand geglip het nie. Want sy het langs haar bed
op haar pragtig netjiese bedtafeltjie drie Bybeltekse uitgepak, en nie een van hulle
opgeskeur nie. Sy het hulle geglo tot die einde hier op aarde:
2 Kon 20:5 Ek het jou gebed verhoor, Ek het jou trane gesien
Jes.40²⁹ Hy gee die vermoeides krag, Hy versterk dié wat nie meer kan nie
**Ps.55¹⁹ Hy sal my lewe red en my die oorwinning gee, al is daar so baie teen wie
ek moet veg.**

darkness captured my emotional self
I cannot find a cure for my dysfunctional heart
darkness falls upon me like a shower of pain
drip
drip

I cannot keep my head above the thick black fluid
there is no rescue from

myself
and I float
partly
and I drown

as my lungs fill up with blackened water
I am so damn scared of what I have become

I search for truth
but my source of light is burnt out
and I hang on to the nothingness
because that is all
that is left of me

I failed
and now I am slowly
drowning in my darkness

Janie Gous

Dit lyk snaaks dat sy glo dat “Hy haar lewe sal red” as sy dan sterf. Maar God se evangelie vervul dit: Hy gee lewe, maar nie hier nie, dis ‘n lewe by Hom. Janie lewe nie hier verder nie, maar gaan lewe voort by God. Ons almal wil so graag ons lewens-Comradeswedloop van 94 jaar voltooi, en dan stokoud by die wenpaal aankom en dan na God toe gaan. God “kul” soms en hy vat een van die hardlopertjies sommer hier van die 17 km merk direk wenpaal toe. Ons wat hier in die kerk sit, moet aanhou draf al gaan dit swaar. Janie is dalk voorgetrek, en sy het kortpad gekies.

- 9 Dit beteken nie dat die **dood** wonderlik is nie. Om so te sterwe is **aaklig** en geen heldedaad nie. Dis verwoestend. Dit was ondraaglik om te sien hoe iemand so ontsettend mooi so stukkend was. En daarom moet niemand wat hier sit, droom oor dood nie, al is dit in jou eie depressie al amper aantreklik. ‘n Pa en Ma is nié gemaak om hul pragtige kind te begrawe nie. Byt vas asseblief!
- 10 Tog is die **dood se engel** getrek. Vandat Jesus die dood oorwin het, is dit nou ‘n deurgang na die lewe. Daarom is Janie se kamer nou byna ‘n heiligdom. ‘n **Heiligdom** is ‘n plek waar jy God ontmoet want jy voel Hom daar. En ‘n heiligdom is ‘n plek waarvandaan jy na God vertrek. En Janie het uit haar mooi netjies reggepakte kamer na God toe vertrek.
- 11 Maar sy was bang. Sy was bang dat **God haar nie sou vergewe** vir haar daad nie. Lees dit saam met my in haar brief. Dis asof sy skielik self getwyfel het aan die geloofsekerheid wat sy oor baie jare gehad het. Kom ons sê vir haar wat sy weet (sy het dit in haar Bybel onderstreep): **Rom.8³⁸ Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte³⁹ of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.**
- 12 Ons laaste paar dae as gesin was nogal skielik na die vorige ses weke hoopvol. Sy het begin “beter lyk” want sy het sulke mooi dinge gedoen: sy het haar hele lewe se kaartjies en briefies en foto’s in 4 plakboeke gerangskik, en blomme by die skool gaan afgee en selfs namens haar broer die kombuis reggepak toe dit sy beurt was. En ons het gedink dit gaan beter. Maar sy het dit weggesteek dat dit haar voorbereidings vir haar afskeid was.
Kom ons let fyn op na mekaar.
Kom ons maak oop vir mekaar voor dit by breekpunt donker is.
- 13 Maar God se genade was nie tevergeefs nie. Onder die donker water uit het daar die hoogtepunt gekom. Toe sy te moeg was om self vir nog genade te vra, **toe gee sy nog genade vir ons** weg. Haar laaste brief sluit af met ‘n **seënbede** waar sy vir ons wat agterbly seën!

**Die genade van die Here Jesus Christus sal by julle wees,
van nou af en vir altyd!**